*Vrydag* **10 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 111 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Psalm 111:1**
**Loof die Here met jou hele hart!**

Dink vir ’n paar oomblikke na waarvoor jy dankbaar is … Wat dink jy is die gepaste reaksie op dit wat die Here vir jou doen? Die digter van Ps 111 lei ons in vers 1: *“Met my hele hart wil ek die Here loof.”* Hoe dikwels loof en prys jy die Here?

Die rede vir die digter se loflied: Die werke van die Here is groot – en hy voeg by: “Wie vreugde daarin vind, dink daaroor na.” Kom ons dink vir ’n paar oomblikke oor ’n paar van die eienskappe van God se werke wat hier opgenoem word:

- Vol majesteit en luister (dink aan die wetmatighede in die skepping) (God openbaar homself in sy werk).
- Trou staan vir altyd vas. (God laat jou nooit in die steek nie – wat ’n troos).
- Barmhartig en genadig (vs 4) (Jou uitverkiesing – wat ’n troos).
- Voed dié wat Hom dien (vs 5) (na liggaam en siel) (Sondag 10 Heidelbergse Kategismus).
- Hou verbond in stand (vs 6) (bemoedigend – God se verbond is altyd geldend).
    - Voorskrifte staan vas (vs 8). Liefde tot God, naaste en skepping (Matt. 22:37-40; Gen. 1:28).
- Vryheid vir sy volk bewerk (vs 9) (Jesus Christus sterf in jou plek om jou van sonde te verlos en die Heilige Gees neem intrek om jou deel van God se gesin te maak).

Wat is die afleiding wat die digter maak?

- God se naam is heilig – wek ontsag (vs 9).
- Sy roem is immergroen – hou vir altyd stand (vs 10).

Hy sluit die psalm met ’n woord van wysheid af vir wie hom wil laat leer:

- Wysheid begin met die dien van die Here (vs 10).

Loof die Here met jou hele hart vir Wie Hy is en wat Hy doen! (vs 1).

*Sing: Ps 111-2:1, 14*

*Dr. PJ (Peet) Vermeulen (Wapadrant)*